

# **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

## **(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : 25/2006

In die appèl tussen:-

**MARIUS PRETORIUS**

Eerste Appellant

**GERT JOHANNES PRETORIUS**

Tweede Appellant

en

**DIE STAAT**

Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* KRUGER R *et* VAN ZYL R

---

---

**AANGEHOOR OP:** 12 MAART 2007

---

---

**UITSPRAAK DEUR:** MALHERBE RP

---

---

**GELEWER OP:** 29 MAART 2007

---

Appellante is twee broers wat volgens die klagstaat onderskeidelik 31 en 34 jaar oud is. Hulle het in Bethlehem sake gedoen as Bethlehem Glas. Die hoofbron van hulle inkomste was opdragte van versekeringsmaatskappye om die beskadigde windskerms van motorvoertuie te vervang. Hulle het in die Streekhof te Bethlehem verskyn op 91 aanklagte van bedrog gedurende die periode 2004 tot 2005 deurdat hulle aan die betrokke versekeringsmaatskappye voorgegee het dat hulle 'n bepaalde voorgeskrewe gehalte windskerms geïnstalleer het terwyl hulle in werklikheid windskerms van 'n minderwaardige gehalte geïnstalleer het en sodoende R122 309,56 te veel betaal is. Hulle het skuldig gepleit

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

op al die aanklagte en is skuldig bevind ooreenkomstig hulle pleit. Die aanklagte is saamgeneem vir doeleindes van vonnis en elke appellant is gevonnisd tot vyf jaar gevangenisstraf. Daarbenewens het die landdros 'n vergoedingsbevel ingevolge artikel 300 van die Strafproseswet (Wet Nr. 51 van 1977) uitgereik waarkragtens appellante gesamentlik en afsonderlik die bedrag van R208 309,56 aan Mutual en Federal Versekeringsmaatskappy moet terugbetaal. (Hierdie bedrag verteenwoordig die verlies van R122 309,56 plus R86 000,00, synde die koste van die ondersoek deur die genoemde versekeringsmaatskappy). Appellante kom nou in hoër beroep slegs teen hulle vonnisse met verlof van die Verhoorhof.

Appellante se persoonlike omstandighede is bykans identies: Beide is eerste oortreders en die hoof-broodwinners van hulle eggenotes en jong kinders.

Na skuldigbevinding het die Landdros *mero motu* 'n voor-vonnisd verslag aangevra van die hoof maatskaplike werker van die Departement Korrektiewe Dienste te Bethlehem, Mev. Prinsloo. Sy het haar verslae ingehandig as bewysstukke "C" en "D" onderskeidelik. Die Landdros verwys tereg daarna as "uiters volledig". Sy beveel ten opsigte van elke appellant korrektiewe toesig van 36 maande aan in terme van artikel 276(1)(h) van die Strafproseswet, plus 'n opgeskorte vonnis.

Die Verhoorlanddros sê, onder andere, die volgende in 'n volledige en goed-gemotiveerde uitspraak tydens vonnisoplegging:

"Hierdie Hof het natuurlik 'n plig om elke moontlike vonnisopsie te oorweeg. Die Hof het dit inderdaad gedoen. Die Hof het

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

groot respek vir Mev Prinsloo se aanbeveling, maar die Hof is egter van oordeel dat 'n vonnis van korrektiewe toesig nie 'n gepaste vonnis sou wees nie. Dat dit nie sou voldoen aan die doelwitte van vonnisoplegging nie. Dat dit nie voldoende afskrikingswaarde sal hê nie en die Hof het daarom besluit dat direkte gevangenisstraf gepaste vonnis is.

Die Hof het dit reeds op rekord geplaas dat ek in die besonder simpatie het met die beskuldigdes se families. Die Hof het altyd simpatie daarmee, maar die Hof wil weer kortliks verwys na die volgende aspek. Hierdie Hof en ander Howe, in die Distrikshowe en in die Streekshowe stuur elke dag jong mans tronk toe wat hulle skuldig maak aan een aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Aan een aanklag van 'n misdaad soos byvoorbeeld veediefstal. Daar is geen probleem met die bekragtiging van sulke vonnisse in die Hooggeregshof nie. Waarom, vra die Hof, sal die Hof 'n anderste vonnis oplê by twee beskuldigdes wat hulle skuldig maak aan 91 aanklagte van deeglik, beplande bedrog. Die Hof is van oordeel dat waar vonnisse so dramaties verskil bloot omdat 'n beskuldigde dalk beter opleiding gehad het of in 'n beter posisie is om dalk sy misdaad af te koop. Waarom moet vonnisse dan so drasties verskil. Die Hof sê dit met in agneming van die bewustheid dat straf geïndividualiseer moet word, maar die Hof sê ook dat om

## IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

vonnisse op te lê wat sulke dispariteite toon nie vertrou by die gemeenskap inboesem nie. Die Hof het 'n plig teenoor die gemeenskap. Die Hof sal daardie plig uitvoer.”

Ek kan hoegenaamd nie hiermee fout vind nie.

Die kern van die betoog wat namens appellante voorgedra is, is dat die opgelegde vonnis skokkend onvanpas is omdat 'n vonnis van korrektiewe toesig in al die omstandighede van hierdie geval aangewese is. In die alternatief voer Mnr. Snellenburg aan dat vonnisse in terme van artikel 276(1)(h) of (i) van die Strafproseswet, plus 'n vergoedingsbevel, meer gepas sal wees as direkte gevangenisstraf.

In **S v LEVEY** 1993 (2) SASV 498 (A) op p. 500 d – e vat die

Hoogste Hof van Appèl die benadering tot 'n appèl teen vonnis

bondig soos volg saam:

“Ofskoon ons Howe poog om sover moontlik 'n eerste oortreder uit die gevangenis te hou, kan 'n eerste oortreder nie sonder meer op 'n vonnis van nie-gevangesetting aanspraak maak nie. In gepaste gevalle is gevangenisstraf selfs vir eerste oortreders die aangewese straf. Alles hang van die feite en omstandighede van die bepaalde geval af. Waar 'n Verhoorhof gevangenisstraf as gepaste straf beskou, kan hierdie Hof nie na willekeur daarmee inmeng nie. Dit is geykte reg dat hierdie Hof 'n begrensde bevoegdheid het om met die uitoefening van 'n Verhoorhof se diskresie met betrekking tot vonnis in te meng.

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

Inmenging kan alleenlik geskied in die geval van 'n wesenlike mistasting of 'n onreëlmatigheid, of waar die opgelegde vonnis ontstellend of skokkend onvanpas is.”

Die Hof het 'n vonnis van 3 (drie) jaar gevangenisstraf waarvan 2 (twee) jaar voorwaardelik opgeskort is vir 1 (een) jaar vir diefstal van goedere ter waarde van ongeveer R54 800,00 bekragtig. Die appellant in daardie saak was 'n 32-jarige eerste oortreder; die enigste broodwinner van sy vrou en drie jong kinders en hy het ook skuldig gepleit op die aanklagte.

In **S v SINDEN** 1995 (2) SASV 704 (A) was die appellant 'n 26-jarige moeder van twee jong kinders wat skuldig gepleit het op, en skuldig bevind is aan, 43 aanklagte van bedrog waarby 'n totaal van ongeveer R138 000,00 betrokke was oor 'n periode van 14 maande. Sy was 'n eerste oortreder en is gevonnisd tot 6 (ses) jaar gevangenisstraf waarvan 2 (twee) jaar voorwaardelik opgeskort is. Namens haar was die hoof-argument ook dat korrektiewe toesig opgelê moes gewees het. In hierdie verband sê die Hoogste Hof van Appèl die volgende op pp. 708 j – 709 c, wat na my mening *mutatus mutandis* van toepassing is op die onderhawige saak:

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

“In the present matter the interests of the appellant and even more so of her family certainly call out for a sentence of correctional supervision. The magistrate considered that the interests of society, because of the seriousness of her offence, outweighed her own. In my view he cannot be faulted in that view. The appellant showed no sign of true remorse which of necessity involves a true appreciation of one's moral guilt. She has little, if any, of that but sought instead to justify her taking ways. She persistently and deliberately betrayed the trust placed in her and did so from greed, not need. A sentence does more than deal with a particular offender in respect of the offence of which he has been convicted: it constitutes a message to the society in which the offence occurred. In my view there are no grounds upon which the Court a quo could fault the magistrate for his view that a sentence of correctional supervision would, in the circumstances of this case, send out the highly undesirable message that crime may well pay, after all. It follows that similarly there is no call for this Court to interfere with the magistrate's exercise of his discretion.”

Dieselfde gedagte word uitgedruk in **S v LISTER** 1993 (2) SASV 228 (A) op p. 232 h – i:

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

“To focus on the well-being of the accused at the expense of the other aims of sentencing, such as the interests of the community, is to distort the process and to produce, in all likelihood, a warped sentence.”

Met betrekking tot sogenaamde “witboordjie misdaad” kan ek nie beter doen nie as om die volgende passasies aan te haal uit **S v SADLER** 2000 (1) SASV 331 (A) op pp. 335 g – 336 b:

“So called 'white-collar' crime has, I regret to have to say, often been visited in South African courts with penalties which are calculated to make the game seem worth the candle. Justifications often advanced for such inadequate penalties are the classification of 'white-collar' crime as non-violent crime and its perpetrators (where they are first offenders) as not truly being 'criminals' or 'prison material' by reason of their often ostensibly respectable histories and backgrounds. Empty generalisations of that kind are of no help in assessing appropriate sentences for 'white-collar' crime. Their premise is that prison is only a place for those who commit crimes of violence and that it is not a place for people from 'respectable' backgrounds even if their dishonesty has caused substantial loss, was resorted to for no other reason than self-enrichment, and entailed gross breaches

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

of trust.

[12] These are heresies. Nothing will be gained by lending credence to them. Quite the contrary. The impression that crime of that kind is not regarded by the courts as seriously beyond the pale and will probably not be visited with rigorous punishment will be fostered and more will be tempted to indulge in it.

[13] It is unnecessary to repeat yet again what this Court has had to say in the past about crimes like corruption, forgery and uttering, and fraud. It is sufficient to say that they are serious crimes the corrosive impact of which upon society is too obvious to require elaboration.”

Appellante het hulle onderneming gedurende April 2004 begin.

Reeds op 19 April 2004 maak hulle die eerste valse voorstelling aan die betrokke versekeringsmaatskappy. Daarna herhaal hulle hierdie bedrieglike optrede nog 90 keer oor die volgende ongeveer 16 maande. Die afleiding is onvermydelik dat hulle van meet af aan besluit het om hulle besigheid op hierdie wyse te bedryf. Hulle het eers daarmee opgehou toe hulle “uitgevang” is. Daar kan ook geen twyfel wees nie dat die bedrog gepleeg is uit hebsug.

Na my mening kan daar nie fout gevind word met die Landdros se uitoefening van sy diskresie nie.

Gevolgtik word die appèl van die hand gewys en word elke

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

appellant se skuldigbevinding en vonnis bekragtig.

**J.P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

**A. KRUGER, R**

Namens appellante:

Adv. N. Snellenburg

In opdrag van:

Honey Prokureurs

BLOEMFONTEIN

Namens die respondent:

Adv. S. Giorgi

In opdrag van:

Direkteur van Openbare Vervolgings

BLOEMFONTEIN

/sp

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**  
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : 25/2006

In die appèl tussen:-

**MARIUS PRETORIUS**

Eerste Appellant

**GERT JOHANNES PRETORIUS**

Tweede Appellant

en

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

DIE STAAT

Respondent

---

CORAM: MALHERBE RP *et* KRUGER R *et* VAN ZYL R

---

AANGEHOOR OP: 12 MAART 2007

---

UITSPRAAK DEUR: VAN ZYL R

---

GELEWER OP: 29 MAART 2007

---

[1] Ek het die uitspraak hierin deur Malherbe RP, waarmee Kruger R saamstem, gelees, maar kan, met respek, ongelukkig nie met die gevolgtrekking waartoe hulle daarin kom, saamstem nie. Aangesien hierdie 'n minderheidsuitspraak is, is ek voornemens om slegs kortliks te handel met die redes waarom ek van hulle gevolgtrekking verskil.

[2] Die feitelike agtergrond tot die aanklagte van bedrog waarop appellante tereggestaan het, sowel as die basis van die appèl teen die opgelegde vonnis, is reeds in die meerderheidsuitspraak uiteengesit en word dit gevolglik nie hierin herhaal nie.

[3] Ek meen egter dat daar sekere aspekte is wat uit die verrigtinge in die hof *a quo* blyk wat spesifiek uitgelig behoort

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

te word, deurdat dit na my mening wesenlike faktore is wat by die oorweging van die vraag of die opgelegde vonnis skokkend swaar en onvanpas is, in oorweging geneem behoort te word. In die verband verwys ek na die volgende:

3.1 Beide appellante het verkies om sonder regsverteenwoordiging te verskyn en skuldig te pleit.

3.2 Beide appellante het meerdere kere gedurende die verrigtinge in die hof *a quo* hul opregte berou verbaliseer.

3.3 Uit Mnr. Oberholzer, synde 'n spesialisondersoeker werksaam te Mutual & Federal en wie die onderhawige aangeleentheid ondersoek het, se getuienis het die volgende geblyk:

3.3.1 Beide appellante het van meet af aan hulle volle samewerking ten opsigte van die ondersoek gegee.

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

3.3.2 Beide appellante het van meet af aan aangebied om alle oorbetalings aan Mutual & Federal terug te betaal, asook die koste van die ondersoek te betaal. Hulle het dus ten tyde van vonnisoplegging reeds 'n skulderkenning ten opsigte daarvan ten gunste van Mutual & Federal onderteken, in terme waarvan die totale bedrag van R208 309,56 (welke bedrag saamgestel is uit die bedrag van R122 309,56 as synde oorbetalings wat aan appellante gemaak is plus die bedrag van R86 000,00 ten opsigte van die koste van die ondersoek) teen R3 500,00 per maand deur die appellante gesamentlik en afsonderlik terugbetaal sal word, die eerste betaling waarvan reeds op datum van vonnisoplegging gemaak was. Die getuie het gevolglik die hof versoek om ooreenkomstig die bepalings van artikel 300 van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977, 'n vergoedingsbevel ten opsigte van die bedrag van R208 309, 56 te

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

verleen.

3.3.3 Beide appellante het van meet af aan en deurentyd hulle berou teenoor die getuie en die bestuur van Mutual & Federal geverbaliseer en getoon.

3.3.4 As gevolg van die voorval is appellante geswartlys by alle versekeringsmaatskappye en mag hulle nie meer enige werk vir enige versekeringsmaatskappye verrig nie.

3.3.5 Die ondersoeker het sy oortuiging uitgespreek dat appellante hulle nie weer tot soortgelyke oneerlike optrede in die toekoms sal wend nie.

3.3.6 Mutual & Federal as klaer verlang nie dat appellante gevangenisstraf opgelê moet word nie, aangesien dit tot gevolg sal hê dat appellante se besigheid sal moet sluit en sal appellante geen inkomste genereer waaruit die terugbetalings aan Mutual & Federal gedoen kan word nie.

3.3.7 Die terugbetalings wat deur appellante aan

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

Mutual & Federal gemaak gaan word, delg ook die koste om die kliënte van Mutual & Federal wie nie die vereiste standaard windskerms ontvang het nie, se windskerms te vervang.

3.4 Vanweë die feit dat appellante nie meer enige besigheid ten opsigte van versekeringseise mag doen nie, het die besigheid se omset gedaal. Waar windskerms vantevore appellante se grootste besigheid was, was hulle genoodsaak om te deversifiseer en verrig hulle nou meer werksaamhede met betrekking tot platglas. Sodoende, aldus appellante, sal hulle in staat wees om voort te gaan om die maandelikse betalings ten bedrae van R3 500,00 aan Mutual & Federal te maak.

3.5 Dit is gemeensaak dat sou appellante tronkstraf moet uitdien, sal die besigheid sluit en sal hulle nie in staat wees om enige terugbetalings aan Mutual & Federal te maak nie.

3.6 Uit die hoof maatskaplike werker van die Departement Korrektiewe Dienste te Bethlehem, Mev. Prinsloo, wie

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

al langer as 12 jaar verslae vir hofdoeleindes skryf, se verslae het die volgende geblyk:

3.6.1 Sy het die opregte en ware berou van beide appellante bevestig.

3.6.2 Hoewel sy tereg daarna verwys het dat die bedrog uit gierigheid gepleeg was, meen sy dat korrektiewe toesig 'n "swaar straf" sal wees. In die verband is dit noodsaaklik om te let daarop dat haar aanbeveling met betrekking tot 36 maande korrektiewe toesig behels het dat sy aanbeveel dat appellante, onder andere, vir die volle duur van die korrektiewe toesig onder huisarres moet verkeer, gemeenskapsdiens vir 'n periode van 16 uur vir elke maand van die vonnis moet verrig en sekere omskrewe verpligte behandelingsprogramme moet deurloop.

[4] Wat appellante se voormelde pleite van skuldig en hul berou betref, het die verhoorlanddros as volg daarmee op p. 38 reël 27 – p. 40 reël 5 van sy uitspraak gehandel:

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

“n Verdere aspek wat die Hof natuurlik ook moet oorweeg wat u persoonlike omstandighede aanbetref is die feit dat beide van u kom skuldig pleit het in die Hof. Beide van u het by u eerste verskyning reeds ten spyte van die Hof se aanmoediging dat u moet regsverteenwoordiging kry het u besluit dat u skuldig wil pleit. En nou is die vraag of die Hof dit moet beskou as berou aan u kant. In hierdie verband is daar die volgende gesê in die saak van S v LANDAU 2000 (2) SACR 673 (W), en die Hof haal aan:

‘Courts often see as significant the fact that an accused chooses to plead guilty. This is sometimes regarded as an expression on the part of the accused of genuine co-operation, remorse and a desire not to waste the time of the Court in defending the indefensible. In certain instances a plea of guilty may indeed be a factor which can and should be taken into account in favour of an accused in mitigation of sentence. However where it is clear to an accused that the writing is on the wall and that he has no viable defence the mere fact that he then pleads guilty in the hope of being able to gain some advantage from the conduct should not receive much weight in mitigation of sentence unless accompanied by a

## **IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

genuine and demonstrable expression of remorse.'

Uit die feite wat aan die Hof bekend gemaak is, is dit vir die Hof baie duidelik dat beide van u moes besef het dat die skrif aan die muur is. Dat die onverdedigbare nie verdedig kan word nie. Dat u geen verweer gehad het nie. Om dit in gewone terme te sê dat beide van u vas was. Dat die feite vanself gespreek het en dat om 'n verweer te probeer opper futiel sou wees. Dit is so dat die hof na 'n getuie geluister het wat wel gesê het dat u ook teenoor die klaers, Mutal & Federal, u spyt uitgespreek het. Dit is egter die Hof se ondervinding dat dikwels beskuldigdes wat hierdie tipe van misdrywe pleeg maar bloot jammer is dat hulle uitgevang is. Dat hulle skema van onwettig en bedrieglik geldmaak, tot 'n einde gekom het. Die Hof sal egter in u guns aanvaar dat u wel jammer is oor dit wat u gedoen het."

Na my mening het die verhoorhof op ongegronde basis die opregtheid van appellante se berou bevraagteken en afgewater. Ek is van oordeel dat hierdie by uitstek 'n geval is waar die berou van die appellante as opregte en ware berou geag moet word, veral inaggenome dat hul berou nie net geverbaliseer is nie, maar ook in daade vergestalt is deur die aanbod om terugbetaling van alle verliese en onkoste deur

## IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

Mutual & Federal gely. Ek is gevolglik van mening dat hierdie berou van appellante, wat ook aanduidend is daarvan dat hulle verantwoordelikheid neem vir die pleging van hul wandade, 'n wesenlike versagtende faktor is wat nie na behore deur die verhoorhof ten gunste van appellante in oorweging geneem is nie.

- [5] Wat betref beide die hof *a quo* en die meerderheidsuitspraak in hierdie Hof se verwysings na **S v SINDEN** 1995 (2) SASV 704 (A) en **S v LISTER** 1993 (2) SASV 228 (A), kan daar uiteraard nie fout gevind word met die algemene korrektheid van die opmerkings daarin gemaak dat die persoonlike omstandighede van die appellante nie oorbeklemtoon behoort te word nie. Hoewel daar in daardie gevalle bevind is dat gevangenisstraf gepaste vonnisse is, meen ek egter dat beide daardie gevalle wesenlik onderskeibaar is van die onderhawige. In **S v SINDEN** is spesifiek op 709 b – c vermeld dat

“a sentence of correctional supervision would, in the circumstances of this case, send out the highly undesirable

## IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

message that crime may well pay ...”

(Eie onderstreping.)

In daardie geval het die appellant op geen stadium aangebied om enige terugbetaling aan die klaer te maak nie; intendeel, die siviele aksie teen haar deur die klaer ingestel om die geld terug te vorder, het sy ten sterkste verdedig. Daarom dan ook die bevinding op 709 a as volg:

“The appellant showed no sign of true remorse which of necessity involves a true appreciation of one’s moral guilt. She has little, if any, of that but sought instead to justify her taking ways.”

Wat **S v LISTER** betref, was appellant nie net beskou as “untruthful” in haar bewerings oor waarom sy die misdrywe gepleeg het nie, maar het appellant ‘n lys van vorige soortgelyke veroordelings gehad wat deur die Hof beskou is as aanduidend daarvan dat ‘n vonnis anders dan direkte gevangenisstraf, nie enige doel gaan dien nie. Weereens was daar dus ook nie sprake van enige berou nie en was die appellant nie ‘n eerste oortreder soos in die onderhawige geval nie. Daarin is as volg op 232 i – 233 a beslis:

“This matter was duly considered by the regional magistrate and

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

the Court *a quo* and I find myself in agreement with the views expressed that such a sentence (community service) would be inadequate having regard to the nature and the magnitude of the offence and the appellants list of previous convictions for similar offences. The offences committed on this occasion were not isolated ones; they followed hard upon similar offences for which she was most leniently treated by the courts in a patent attempt to keep her out of gaol. Those sentences did not have the desired effect and the courts below were justifiably sceptical about the prognoses of another suspended sentence or a sentence of community service.”

- [6] Die algemene benadering met betrekking tot “wit boordjie misdaad” soos verwoord in **S v SADLER** 2000 (1) SASV 331 (A) waarna beide in die hof *a quo* se uitspraak en die meerderheidsuitspraak in hierdie Hof verwys word, is insgelyks uiteraard ‘n korrekte algemene benaderingswyse. Dieselfde uitspraak gee egter ook weer uiting aan die geykte beginsel dat elke saak op sy eie feite en omstandighede beoordeel moet word, deur die gebruikmaking van die volgende woorde op 335 g:

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

“I am satisfied that the circumstances of this case call for the imposition of a period of direct imprisonment and that the interests of justice will not be adequately served by leaving the sentence imposed by Squires J undisturbed.”

(Eie onderstreping.)

- [7] In die onderhawige geval het die verhoorlanddros as volg op p. 46 reël 30 – p. 47 reël 5 van die uitspraak sy redes verwoord waarom hy korrektiewe toesig nie as ‘n gepaste vonnis ag nie:

“Die Hof het groot respek vir Mev. Prinsloo se aanbeveling, maar die Hof is egter van oordeel dat ‘n vonnis van korrektiewe toesig nie ‘n gepaste vonnis sou wees nie. Dat dit nie sou voldoen aan die doelwitte van vonnisoplegging nie. Dat dit nie voldoende afskrikkingswaarde sal hê nie en die Hof het daarom besluit dat direkte gevangenisstraf gepaste vonnis is.”

Na my mening het die verhoorhof die afskrikkingsoogmerk van vonnis in die omstandighede en feite van hierdie saak oorbeklemtoon ten koste van ‘n gebalanseerde toepassing van die elemente van vonnisoplegging. Ek meen dat die

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

volgende passasie in **S v SOBANDLA** 1992 (2) SASV 613

(A) op 617 f – g in die onderhawige geval toepassing vind:

“As to the magistrate’s view of the need for a strongly deterrent sentence, the peculiar circumstances of the present case do not, in my assessment, suggest the risk of a repeated robbery or housebreaking by appellant. Essentially what the trial court had in mind was, in the interests of the community, a sentence which would deter others who might, given the prevalence referred to, contemplate similar serious criminal conduct. Having regard to all the facts of the present matter, however, it seems to me that appellant’s counsel was right in contending, in effect, that appellant was sacrificed on the alter of deterrence, thus resulting in his receiving an unduly severe sentence.”

Die welbekende riglyn en benadering wat toegepas moet word by die oorweging van ‘n gepaste vonnis, soos verwoord in **S v RABIE** 1975 (4) AD op 862 G – H, word na my mening nie deur die opgelegde vonnis geflekteer nie:

“Punishment should fit the criminal as well as the crime, be fair to society and be blended with a measure of mercy according to

## **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

the circumstances.”

[8] Gevolglik is ek van oordeel dat wanneer die totaliteit van die feite en omstandighede van die onderhawige saak op ewewigtige wyse in oorweging geneem word, die opgelegde vonnis skokkend swaar en onvanpas is.

[9] Na my mening sou ek dus, met respek, die appèl van beide appellante teen die opgelegde vonnis van 5 (vyf) jaar gevangenisstraf laat slaag het, dit tersyde gestel het en ten opsigte van beide appellante dit vervang het met ‘n vonnis van korrektiewe toesig ingevolge artikel 276(1)(h) van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977, vir ‘n periode van 36 (ses en dertig) maande en wel ooreenkomstig die aanbeveling soos vervat in bylaag A tot die onderskeie korrektiewe verslae.

---

**C. VAN ZYL, R**

Namens appellante: Adv. N. Snellenburg  
In opdrag van:  
Honey Prokureurs  
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. S. Giorgi  
In opdrag van:  
Direkteur van Openbare Vervolgings  
BLOEMFONTEIN

# **IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

/sp